

Die Lewende Kerk



Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 15 Mei 2016

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel

Lees: 2 Kor 7: 2-16.

Fokus: 2 Kor 7: 10.

In Christus nie skuldig nie maar bedroef oor sondes.

Omgee:

- Hendrik Fritz is in Garden City hospitaal na 'n operasie en sy toestand is kritiek.
- Bertha Koekemoer sterk nog aan in die hospitaal nadat sy Woensdag in Flora Kliniek geöpereer is.
- Chatye Rensburg is met borskanker gediagnoseer.
- Henning en Hilda Schourie was Vrydag 53 jaar getroud. Baie geluk!

Offergawes:

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings:☀

- **Aanderediens** vanaand om 17:30.
- **Ds Stephan se kategesegroep** kom vanmiddag om 17:00 in die kuierkamer bymekaar.
- Ons volgende **Oorwinnaarsnaweek** word beplan vir **20-22 Mei** by Bergbron. Besprekings kan by ds Stephan gedoen word.
- **Tee/koffie skinkbeurte** – **vandag** is dit Groep 4, Martie, Welna en Michelle se beurt. Volgende Sondag skink Groep 5, Sophie, Santjie en Susan le Roux.
- **Onthou:** ons vier DV Nagmaal op 29 Mei en daar sal na die Nagmaaldiens 'n gemeente-ete wees. Beplan solank om dan hier te wees!
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Gebed: Voorbidding...



“Imke het kanker - Neuroblastoma Stage VI. Dit is 'n skaars soort kanker en baie moeilik om te behandel. Baie groot operasie wat voorlê, dan sodra dit suksesvol is gaan Imke op baie erge chemo behandeling om haar beenmurg fisies te vernietig, daarna haal hulle haar eie beenmurg uit, vries, kweek dit en plant dan weer terug (bone marrow transplant), daarna sal dit 8 weke in isolasie wees.” Ons gemeente se gebedsgroep bid vir hierdie dogtertjie en vra dat ander gemeentelede ook sal voorbidding doen. Bid vir: die Here se bewaring deur die operasie en strawwe chemoterapie heen, hoop en geloofsvertroue van haar ouers en familie.

Toerusting: Teen die Gety

Gedeeltes aangehaal uit die boek, Teen die Gety, van Dr. Bennie Mostert. Uitgegee deur Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereniging.

Jy is God se verteenwoordiger deel 2

4. Wat was God se opdrag aan sy verteenwoordigers?

In Psalm 115:16 word pertinent gesê: *Die hemel is net vir die Here maar die aarde het Hy aan die mens gegee.* Die aarde is m.a.w. aan die mens toegeken as gebied waarvoor hy verantwoordelik is.

God se opdrag aan sy verteenwoordiger was in die eerste plek: Om te heers! Dit is wat Genesis 1:26 leer.....ook Ps.8:7. In Ges.2:15 lees ons dat God aan Adam 'n tweede opdrag gegee het, naamlik om die aarde te bewerk en op te pas. Dus Adam is aangestel as wagter oor of bewaker (watchman) van die aarde. Die belangrike slotsom waartoe ons moet kom, is dit: die toestand van die aarde, dit wat hier gebeur, is die verantwoordelikheid van Adam en sy nageslag. Hebreërs 2: 5-18 in die NT is 'n samevating van bogenoemde uiteensetting. Lees dit asb.

Dit is deur ons, die gelowiges, die kerk, dat God oor die skepping wil heers en dat Hy wil herskep. Deur wat Jesus aan die kruis bewerk het, wil God ons *in Christus* as sy verteenwoordigers herstel. Dit beteken dat God in en deur ons wil werk om onreg uit te roei, die reg te handhaaf, die werke van die duiwel te verbreek en die koninkryk van God uit te bou.

Maar wat het gebeur: ons, die Christene, het in ons geestelike ghetto's onttrek wat ons deesdae gemeentes noem. Te veel gemeentes is so na binne gekeer dat hulle geen invloed op die wêreld rondom hulle uitoefen nie. Ons is te veel gefokus op oorlewing, terwyl God se fokus nie oorlewing is nie, maar progressiewe oorwinning en heerskappy. Die kerk het 'n naprater geword in plaas van om die weg aan te dui.

5. Die verlies en herstel van die mandaat van verteenwoordigers

Wat was Adam se mandaat en opdrag? Adam moes God verteenwoordig deur as God se bestuurder van die aarde op te tree. Adam het egter sy mandaat deur die sondeval verloor. Deur sy ongehoorsaamheid aan God. het hy die mandaat om die aarde te regeer aan Satan prysgegee. Maar hy het meer as dit verloor. Hy het ook sy eer en heerlikheid, die majesteit waarmee God hom beklee het, verloor. As gevolg van die sondeval regeer Satan. Lees gerus wat sê Satan aan Jesus in Lukas 4:6-7

6. Jesus herstel die mandaat.

Die inkarnasie of menswording van Jesus, die Seun van God, sy sondelose lewe, die kruisiging en opstanding uit die dood was die enigste prys wat vir die terugneem van hierdie mandaat betaal kon word. Die mens is steeds die sleutel, die *vertteenwoordiger*, waardeur God op aarde wil werk en gesag wil uitoefen. Daarom moes Jesus as mens na die aarde kom.

Jesus het gekom om eerstens die verhouding tussen God en mens te herstel. Om dit te kon doen, moes Hy die prys vir die mens se sonde betaal en dit het Hom die dood aan die kruis gekos. Dit is belangrik om te verstaan dat die verlossing van die mens uit sonde, die versoening van die mens met God, slegs die *sekondêre* rede vir Jesus se koms na die aarde was. Jesus het *primêr* gekom om die mens in sy posisie as God se *vertteenwoordiger* te herstel. (restoreer). Die volgende Engelse woorde beskryf hierdie restorasieproses baie goed. Die Engelse voorvoegsel "*re-*" beteken *om iets in sy oorspronklike posisie te herstel. Hou dit in gedagte met die volgende woorde:*

- "redeem": Die woord "deem" beteken *om te besit*. "Redeem" beteken *om weer te besit*. God het ons eers besit, en nou besit Hy ons (wedergeborenes) weer.
- "restore": Dit is om te *herstel* na die oorspronklike posisie.
- "revive": "vive" beteken *lewe*, "revive" beteken *om lewe te herstel na wat dit oorspronklik was*
- "return": letterlik *om terug te keer na oorspronklike posisie*.
- "recreation" Dit wat geskep is en ontaard het, word weer oor geskep, herstel soos dit was.
- "reconcile": Beteken die herstel van 'n verhouding wat bestaan het.
- "receive": Dit beteken om iets terug te ontvang wat joune was, maar wat jy verloor het.
- "rejoice": Dit beteken om die vreugde wat jy gehad het, maar verloor het, weer terug te kry.
- "remain": Beteken 'n oorspronklike posisie wat verlaat is, weer in te neem (remain in Me)
- "renew": Beteken om iets wat oud en verslete geraak het, weer nuut te maak.
- "repent": Dit beteken dat ons iets verkeerd gedoen is, jammer is daarvoor en terugkeer na wat ons oorspronklik moes doen. Deur die **tweede** Adam, dit is Jesus, het God die eer en heerlikheid van die mens herstel en vir hom 'n mandaat teruggegee om te regeer, te heers en as wagter op te tree. Lees Rom. 5:17

Die Lewende Woord vir jou vandag

Prediker; Ds. Stephan Briel

Lees: 2 Kor 7: 2-16.

Fokus: 2 Kor 7: 10.

In Christus nie skuldig nie maar bedroef oor sondes.

1. Die oorsprong van skuldgevoelens.

- Die Skrif word gebruik as 'n geestelike voorhamer, as 'n instrument van skuld en veroordeling.
- Reëls en regulasies wat nie deur die Skrif voorgeskryf word nie.
- Leuengedagtes soos: "God het my meer lief as ek dinge vir Hom doen."

2. Droefheid volgens die wil van God.

- Ons as gelowiges is nie skuldig nie, maar eerder vergewe in Christus.
- Goddelike droefheid is wanneer jy God se liefdevolle en vergewende aard in Christus ken en daardeur beweeg word om jou te bekeer van jou sondes.
- Verskil tussen droefheid volgens die wil van God en wêreldse droefheid.

Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdienste:

- Voel jy soos 'n goeie Christen? Voel jy skuldig oor sondes van die verlede? Is jy 'n skuldgedrewe persoon?
- Wat is die oorsprong van jou skuldgevoelens?
- Hoekom staan ons as gelowiges nie meer skuldig nie (vgl Ef 1: 7-8 en Rom 8: 1)?
- Wat word bedoel met *goddelike droefheid* oor ons sondes?
- Wat is die verskil tussen *droefheid volgens die wil van God* en *wêreldse droefheid*?

Lekker verjaar ...!

Verjaardae vandag en in die week:

15/05 SUSAN SCHUTTE 082 673 5642 011 472 8692
17/05 NTASHA NAUDÉ 082 496 9598

Mag die Here jou oorvloedig seën

Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy 'n bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan(011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor(011 673 9705).

Baie dankie

Baie dankie aan Neels, Arnold, Arthur, Pieter en Carel wat help met die oop- en toesluit van die kerkgebou en saal. Laat weet asb vir Pieter de Klerk as jy kan help.

